Opvoedkundige Sielkundige
MARI FRASER
MEd (Opv Slk), BEd (Skoolvoorligting), FDE Rem, HOD, BA

Praktyk nr.: 0337730
Geregistreer by die Mediese en Tandheelkundige Raad
van Suid Afrika (PS 0107409)

Ou Middelburg no. 10
Frame straat 32B
MIDDELBURG, 1055

Sel: 082 387 5445
Faks: 086 557 5501
mari.fraser@absamail.co.za
www. marifraseredpsych.weebly.com

Suite MW 234
Privaatsak X1838
MIDDELBURG
1050

# VERSTAAN JOU KIND SE SEKSUELE GEDRAG

*(vertaal deur Mari Fraser uit "Understanding Your Child's Sexual Behaviour", geskryf deur Johnson, 1999)*

**1. Seksuele gedrag en eksplorasie gedurende die vroeë kinderjare, is <u>gesond en natuurlik</u> wanneer:**

- kinders hul eie liggame en die van ander bekyk en aanraak, om sodoende inligting te bekom;
- hulle verskillende geslagrolle en gedrag eksploreer;
- hulle van die selfde grootte, ouderdom en ontwikkelingstadium is;
- deelname vrywillig is;
- seksuele speletjies tussen kinders wat 'n voortgesette, wedersydse en genotvolle vriendskap ervaar;
- seksuele speletjies beperk is tot tipe en herhaling daarvan;
- seksuele speletjies gebalanseerd is ten opsigte van kind se nuuskierigheid ook oor ander aspekte van sy/haar lewe;
- seksuele speletjies geassosieer word met gesonde emosie, wat kinders sien as lighartig, laf en iets om oor te giggel;
- meeste kinders ervaar 'n genotvolle sensasie wanneer geslagsdele aangeraak word.

**2. Seksuele gedrag gedurende vroeë kinderjare kan as <u>problematies</u> beskou word wanneer:**

- kinders betrokke by seksuele speletjies nie 'n voorgesette en wedersydse verhouding met mekaar het nie;
- kinders betrokke by seksuele speletjies van verskillende ouderdomme en ontwikkelingstadiums is, naamlik:
  - Hoe groter die ouderdomsverskil is ('n ouderdomsverskil van meer as vyf jaar) tussen die kinders betrokke, hoe meer kommerwekkend is die situasie, en
  - Die mees aanvaarbare situasie is wanneer die ouderdomsverskil minder as een jaar is.


©Kopiereg

- ’n kind gepreokkupeerd (behep) is met seks en daar nie meer ’n gesonde balans is met sy/haar ander belangstellings nie;
- kinders nie ouderdomsgepaste inligting oor seks het nie en meer soos volwassenes ten opsigte van seksualiteit optree;
- ’n kind se seksuele gedrag betekenisvol anders vertoon in vergelyking met dieselfde ouderdom kinders, in dieselfde konteks;
- ongepaste seksuele gedrag voortgaan, nadat herhaaldelik aan die kind gevra is om op te hou daarmee;
- dit voorkom of ’n kind nie kontrole het oor sy/haar seksuele gedrag nie;
- ’n kind se seksuele optrede veroorsaak dat ander kinders daaroor kla;
- die kind se seksuele toenadering ’n volwassene laat ongemaklik voel (hierdie kinders is dan ook maklike teikens vir seksuele misbruik);
- kinders (4 jaar en ouer) wat nie hulle regte en die regte van ander mense, met betrekking tot seksuele kontak, verstaan nie;
- seksuele gedrag wat oor ’n tydperk toeneem in frekwensie, intensiteit en/of indringerigheid;
- negatiewe gevoelens soos vrees, angs, intense skuldgevoelens en skaamte, ensovoorts, geassosieer word met die kind se seksualiteit en gedrag of die van ’n ander persoon;
- kinders wat betrokke is in uitgebreide, volhardende en wedersydse seksuele gedrag met ander kinders, wat nie ouderdomsgepas is nie (dus by volwassenes pas) en vooraf afgespreek en beplan word;
- kinders wat gestimuleer word deur diere te betrek by hul seksuele speletjies/gedrag;
- kinders wat nie-seksuele objekte, interaksies of verhoudinge ‘seksualiseer’;
- seksuele gedrag wat die kind of iemand anders fisiese of emosionele pyn of ongemak veroorsaak;
- kinders wat seks gebruik om ander seer te maak;
- wanneer verbale en/of fisiese aggressie of uitdrukking van woede die seksuele gedrag voorafgaan, begelei of volg;
- kinders wat verwringe logika gebruik om hul seksuele gedrag te regverdig;
- kinders dwang, fors, afpersing, manipulering, of dreigemente in hul seksuele gedrag gebruik.

<u>Let wel</u>: hierdie problematiese seksuele gedrag mag aandui op seksuele misbruik, **<u>maar dit is nie noodwendig die geval nie</u>!!!** Daar moet altyd balans wees in die kind se belangstellings. Wees ook versigtig om nie goed in ’n kind se mond te lê wat nie die waarheid is nie of wat nie werklik gebeur het nie.

Vir enige verdere navraag of verwysing na mense wat met hierdie aangeleenthede werk, skakel my gerus.

Groete,

**Mari Fraser**


©Kopiereg